

21 September

Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 21:1 en 2

God se hand sorg tot in ewigheid

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat God die Vader vir sy kinders sorg (Matt 6:25-34). God sorg vandag en more en elke dag vir jou en my (Ps 55:23). God se hand sorg vir jou, terwyl jy lewe, sodat jy lewe. Dit sluit baie dinge in: kos en klere is seker die vernaamste (1 Tim 6:8). Jou toekoms op aarde is beslis in God se hand (1 Pet 5:5).

Maar wat ons nie uit die oog moet verloor nie, is dat ons God se sorgende hand nie net met huidige lewe kan verbind nie, maar beslis ook met die toekoms. God se hand sorg ook vir ons toekoms ná ons lewe op aarde. En die Bybel aksentueer hierdie waarheid vir ons in Openbaring 21:1-2. God sal sorg dat daar eendag 'n nuwe hemel en nuwe aarde voortkom, waarvan ek en jy deel sal wees. Dit gaan die volmaakte lewe saam met God wees. Daar gaan geen pyn en lyding wees nie. Dit gaan 'n lewe sonder geweld en misdaad wees (Openb 21:8).

Byna ondenkbaar! Maar let op, Openbaring 21:2 noem dat dit "van God" kom. Hierdie toekoms kom uit sy sorgende hand. En wonderlik, hierdie toekoms, "kom" jou "toe", omdat Jesus aan die kruis gesterf het, die straf vir jou sondes gedra het en omdat jy in Hom glo.

Sing: Psalm 118:1 (1936)

Dr AL Rheeder (Wesrand)